

KAMPUSnuus



Nellie Snyman Vegter van formaat

Redefining community interaction

Welwees op
'n klein skaal

Stars to perform
on Endler stage

Begin 2013
met nuwe moed

Woordfees bied
hemelse program

My kampus: Nellie Snyman veg voort.....	3
Journalism Department develops app.....	4
Partytjiegeld help behoeftige skool.....	5
Selfoonreus en US vat hande.....	6
"Hemelse" Woordfees in 2013.....	7
Redefining community interaction at SU.....	8
Skep self 'n gelukkige werkplek.....	10
Stars to perform in Endler Hall.....	12
Kampuslewe: Eet, luister en lees.....	13
Begin 2013 met 'n plan van aksie.....	14
In gesprek met William Walkers.....	15
Brokkies in Beeld.....	16



Redakteur: Wayne Muller
Voorbladfoto: Anton Jordaan
Bladontwerp: SUN MeDIA
Drukwerk: SUN MeDIA
Advertensies: Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
Redaksionele bydrae aan: Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
wmuller@sun.ac.za

S
UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

KAMPUS klets

I had the pleasure of being the first group of sustainable development students who got to study from this fantastic book (*Just Transitions: Explorations of Sustainability in an Unfair World*; see page 7). I rarely find a book so thought-provoking. I have even quoted from it during family events over the Christmas season. The fate of the world balances on the edge of a knife. What will the future hold? I'm not sure, but sustainability thinkers, like Mark (Swilling) and Eve (Annecke), are the ones that will lead the way. A brighter and more prosperous future awaits once the darkness passes. – James van der Walt

Congratulations (Prof) Liz (Bressan, see page 5). I know that you will do us proud with your contributions at this level. – Marcia Lyner-Cleophas

Wow, wat 'n inspirasie. (Sien bladsy 5.) Ek hoop in die nuwe jaar sal daar meer sulke liefdadigheid geopenbaar word van al die ander departemente. Dit gee my nog meer hoop. – Pamela

VAN DIE Redakteur



Verlede jaar het op 'n hoogtepunt afgesluit met duisende US-studente wat hul grade ontvang het. En nou begin 2013 weer op 'n hoogtepunt met duisende eerstejaars wat met soveel energie 'n nuwe fase van hul volwasse lewe betree.

So beleef ons as personeel elke jaar die vloeい van die akademiese jaar. Januarie 2013 was alreeds 'n propvol en drukbesige maand. In hierdie uitgawe van *Kampusnuus* vertel ons jou van die stories wat alreeds vroeg in die nuwe jaar die US se naam die wêreld ingedra het.

Op ons voorblad is Nellie Snyman van die Afdeling Menslike Hulpbronne. Sy vertel op bladsy 3 van haar daaglikse werk hier op kampus, maar ook van persoonlike teëspoed wat sy oorkom het. Werklik inspirerend.

Engaging with society forms a huge part of SU's core functions – and through it we aim to inspire and bring hope to communities. In an article (on page 8) by Dr Jerome Slamat and Joanne Williams of SU's Division for Community Interaction, the definition of community interaction, especially at SU, is explored.

They also tell us about the criteria of such community projects, as well as the benefits for staff, students and the University as a whole.

Ons almal streef na 'n werkomgewing waar ons gelukkig ons dagtaak kan verrig. Maar welwees op kantoor gaan oor veel meer as gesondheid en 'n gemaklike werkstasie – dit gaan ook oor wat ons deur ons werk vir gemeenskappe daarbuite doen.

Op bladsy 10 vertel *Kampusnuus* van 'n paar afdelings wat met projekte begin het om te verzeker dat hul personeel gelukkig en geïnspireerd bly.

Lees ook op bladsy 14 'n paar wenke om die nuwe jaar met 'n goeie plan van aksie te begin sodat jy al jou doelwitte kan bereik.

Dan is daar William Walkers van die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap wat vertel van sy 40 jaar as personeellid van die US.

Lekker lees, en laat hoor van jou by kampusnuus@sun.ac.za, of lewer kommentaar op Facebook en Twitter.

Wayne

Thanks to the organisers for making the special welcoming event for students older than 25 possible. Even though I'm still relatively young, I had some reservations about how well I would fit in as a first-year student. An event like this makes one realise that you are not alone. The PSO committee members (especially Vesta) and younger students have been very supportive. SU is the best! – Sean

Feeling very happy to be a parent of a new first-year "Lydianer". Very impressive welcome. – Mandy Speechly

Brieven aan *Kampusnuus* is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skulnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. *Kampusnuus* behou hom die reg voor om brieve te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@StellenboschUni).

'Waardeerde tweede kanse'

Van krisisse en moeilike omstandighede kan jy Nellie Snyman niks vertel nie, want dié administratiewe beamppte in die Afdeling Arbeidsbetrekkinge wat al vir die afgelope 32 jaar by die US werk, het al meer as haar deel van swaarkry agter die rug. Wat 'n mens egter bybly, is haar glimlag en positiewe uitkyk op die lewe. Deur ILSE ARENDSE

Ek is 'n ma ... van twee seuns, onderskeidelik 37 en 33, asook ouma van vier kleinkinders. Ek is al deur 'n egskeiding, het weer geluk gevind, maar dié geluk was van korte duur. Ek is in Junie 2008 vir 'n tweede keer getroud, maar in Augustus 2008 het my man weens 'n beroerte gesterf. Sowat twee jaar later in Oktober 2010 is daar tydens 'n roetine-ondersoek 'n knoppie in my bors gevind. Ek is na 'n spesialis verwys, waarna ek met borskanker gediagnoseer is.



Ek het chemoterapie en bestraling ... ontvang om die kanker te behandel. Dit was aaklig maar my bleskop weens die behandeling het tog vir humoristiese oomblikke gesorg. Ek onthou hoe my kleinkind my altyd geterg het met my bleskop wanneer ek haar oor iets berispe het. My vriende het my aangemoedig om groot oorbelle te dra want dit het hulle herinner aan 'n bekende sangeres. Uitdagings om my pruik af te haal by geleenthede waar niemand verwag het ek dit sou doen nie, het ek ook voor kans gesien. Volgens alle aanduidings reageer my liggaam baie goed op die behandeling wat ek ontvang. My kanker is in remissie en ek moet vir drie jaar elke ses maande en vir twee jaar eenmaal per jaar vir toetse en ondersoeke gaan.



My boodskap aan ander ... is om oor alles dankbaar te wees en tweede kanse te waardeer. Alles wat ek beleef het, wat ek nou weet en wat die toekoms ook al vir my inhoud, het vir my simbolies geword – simbolies van genesing, groei en dankbaarheid.

Foto's: ANTON JORDAAN

Ek is beslis in die regte werk ... Ná 32 jaar by die Universiteit geniet ek nog elke oomblik. My kollegas, onder meer my lynbestuurder (Danie Mouton, Direkteur: Arbeidsbetrekking en Opleiding en Ontwikkeling), maak my take ook soveel meer aangenaam. Ek is beslis in die regte werk – daar is nie 'n dag wat net dieselfde is nie en elke dag is 'n uitdaging. Om te kan kommunikeer met personeel en studente en hulle te help waar ek kan, is vir my die beste deel.

In my vrye tyd ... is ek baie aktief in die kerk, doen gemeenskapswerk en geniet dit om sosiaal met vriende en familie te verkeer. Ek is ook 'n opgeleide berader en help onder andere jongmense met dwelprobleme en ook slagoffers van misbruik. As kankeroorwinnaar is ek 'n vrywilliger by die Kankervereniging van Suid-Afrika (Kansa) en kry ek sodoende die geleentheid om bewustheid oor die siekte te skep.

Kansa hou op
20 Februarie 'n 5km-stap tog by Coetzenburg om die jaarlike Stellenbosch Relay for Life, wat in Desember gehou word, bekend te stel.
Stap en ondersteun Kansa.
Skakel Conita Henry by 021 808 4633, of besoek www.kansa.org.za.

Journalism school launches SA's first university-linked app

For the first time ever a South African university has an app on iTunes. SU's Department of Journalism has launched the SMF2012 app – a digital extension of its well-known final-year magazine, *Stellenbosch Media Forum* (SMF).

"SMF has been around for over 10 years, but in light of changes in technology and the media, the 2012 editorial team decided to venture into new territory. We produced an app version of the publication in collaboration with Media24," SMF 2012 editor Christa Rohwer said.

Ryk Benadé, head of digital magazine production at Media24, says the app helps to "translate the content into another medium". He and his colleague Luke Edward were responsible for the development of the app.

Dr Gabriel Botma, head of

Journalism at Maties, welcomed the initiative: "We are proud and excited about the app, and congratulate the SMF team and our partners."

This project shows that the next generation of journalists is ready and prepared to take on the future of digital publications, which still holds a lot of uncertainty."

SMF explores trends within the media. The theme for the 2012 edition is "exposed" and covers a wide range of topics – from China and Africa to the Square Kilometre Array, satire and "The Spear" painting. The current issue features City Press editor Ferial Haffajee as the cover personality.

The SMF2012 app can be downloaded from <https://itunes.apple.com/us/app/smf-2012/id581231745?mt=8>.



Ferial Haffajee is on the cover of SMF 2012.

US-vroue by HER-SA Akademie

Die tiende HER-SA Akademie in Kaapstad is einde 2012 deur vyf vroue van die Universiteit Stellenbosch bygewoon – prof Karen Esler (Bewaringsekologie en Entomologie), dr Munita Dunn (Sentrum vir Studentegemeenskappe), Ruth Baitsewe (Taalsentrum), prof Karin Jacobs (Mikrobiologie) en dr Ethelwynn Stellenberg (Verpleging).

Esler dien ook as die voorstaander van die HER-SA Raad. Die Akademie is deur 82 vroue van hoëronderwys-instellings regoor Suid-Afrika en Amerika bygewoon.

Dit het die geleenthed gebied om strategieë te leer, te deel en te verken rondom die huidige uitdagings en veranderings wat by hoëronderwys-instellings ervaar word. Uitstekende netwerkgeleenthede met ander professionele vroue wat die dinamika binne hoëronderwys verstaan, is geskep.



GROOT GESKENK: Die Stellenbosse vleismaatskappy Coleridge Meat het skoolkinders op die die US se Welgevallen-proefplaas met geskenkpakke vol skryfbehoeftes verras. Sophia Bell (links) van Coleridge Meat het deur die ACW met die plaasmgemeenskap kennis gemaak. Blanche Barker (regs) van die ACW bied al die afgelope jaar weeklikse programme in oerleiding en ander lewensvaardigheid vir die plaaswerkers en hul kinders aan. Ongeveer 25 gesinne woon op die plaas. Hier staan Bell en Barker by Nathan Pietersen.

Foto: WAYNE MULLER

Partytjiegeld help om behoeftige skool op te knap

'n Groep personeellede van die US se rekenaargebruikareas HUMARGA, FHARGA en NARGA het einde verlede jaar hul moue opgerol, gewys hulle gee om en gaan hand bysif by 'n behoeftige Wes-Kaapse skool, Raithby Primér.

Volgens Cheryl Cornelissen, senior administratiewe beampie by HUMARGA, wou hul personeel baie graag die fondse wat jaarliks aangewend word vir jaareindpartytjies en etes beter aanwend om iets vir die gemeenskap te doen.

"Ons het Michelle Pietersen van Matie Gemeenskapsdiens (MGD) betrek en sy het 'n skool met behoeftes identifiseer (Raithby Primér). Ons het na die behoeftes gaan kyk en die nodige kwotasies gekry en 'n begroting opgestel. Omdat die projek groot was, het ons NARGA en FHARGA ook betrek," verduidelik sy.

Raithby Primér, met sy 140 leerders en drie onderwysers, kan nou spog met 100 nuwe stoele vir sy skooldaal, verf en tellewerk in die seuns- en

meisiestoilette, skoongemaakte klaskamers, 'n nuwe laag verf en geverfde prente teen die mure.

Die projek was 'n reusesukses, vertel Cornelissen. Sy sê die 15 personeellede en hul families, die drie onderwysers van die skool, twee US-studente en drie MGD-personeellede het mekaar beter leer ken en die dag (Saterdag 1 Desember 2012) as 'n span aangepak. Ouers en leerders het ook in groot getalle opgedaag om te help en leerders het met trots self geverf.

Daar was 'n springkasteel en gesigverf om die jongspan besig te hou. Tussen die werkery deur is daar wors gebraai, roomys uitgedeel, musiek gemaak en sokker gespeel.

Attie Olivier, skoolhoof van Raithby Primér, sê hulle is baie bly en dankbaar vir die werk wat gedoen is. "Die samewerking en interaksie tussen almal wat kom help het, was baie posief."

Volgens Olivier was die US-span se tydsberekening perfek en is die nuutgemaakte skooldaal reeds ingespan.



Drie personeellede hard aan die werk.



'n Leerder van Raithby Primér help verf aan die muurkuns.

SU expert appointed to UN Commission



Prof Liz Bressan (photo) of the Centre for Human Performance Sciences has recently been invited by UNESCO, in cooperation with the government of Germany and the International Council

of Sport Science and Physical Education (ICSSPE), to join its Commission dealing with the topic of "Access to Sport as a Fundamental Right for All."

The focus of the commission is to produce a working paper presenting strategies and policies that have the potential to enhance the participation rates of women and girls as well as persons with disabilities in sport and physical education world-wide. Specific attention will be given to updating the 1978 International Charter of Physical Education and Sport.

The Commission's work will be presented at the 5th International

Conference of Ministers and Senior Officials Responsible for Physical Education and Sport (MINEPS V) in Berlin, from 28 to 30 May.

Regarding the participation of persons with disabilities, the conference aims to strengthen the discourse and implementation of the UN Convention on the Rights of Persons with Disabilities.

"My appointment to this commission is a sign to me that SU is increasingly thought of as a knowledge partner in the formulation of international policies on development – in this case the policy focus will be specifically on the rights of girls and women as well as persons with disabilities," says Bressan.

Prof Owen Dean publishes book on historic case

Prof Owen Dean, incumbent of the Chair of Intellectual Property at SU, launched his latest book, *Awakening the Lion – The Case of the Lion Sleeps Tonight*, published by Tafelberg Publishers.

The book tells the story behind the story of a copyright saga that made international headlines and features

Dean's first-person account of the pioneering South African case that made legal history.

The case revolved around Solomon Linda, a struggling South African musician, who composed what became the world-renowned song "The Lion Sleeps Tonight" (originally called "Mbube"), but signed away his rights.

The book is described as "a legal thriller with a happy ending and a truly South African flavour".

In this book, Dean, a copyright expert and counsel for the Linda family, tells the story of the battle for reparation for the impoverished Linda family against the international entertainment giant Walt Disney and others more than 50 years after Linda's death.

The book is described as "a legal thriller with a happy ending and a truly South African flavour".

Accolades for SU authors' book on sustainability


A book authored by academics attached to SU's School of Public Leadership (SPL) has won the runner-up prize for the 2013 Harold and Margaret Sprout Award, a prestigious US-based award for publications in the global governance field.

Prof Mark Swilling and Eve Annecke won the prize for their book, *Just Transitions: Explorations of Sustainability in an Unfair World* (published by UCT Press and United Nations University Press; visit <http://bit.ly/justtransitions> for more information).

The Harold and Margaret Sprout Award was established in 1972 and named in honour of two pioneers in the study of international environmental problems.

Annecke, an extraordinary lecturer at the SPL, is the founding Director of the Sustainability Institute, based at the Lynedoch EcoVillage, which was started by her and Swilling in 1999. Located on the R310 outside Stellenbosch, the village is described as the "first ecologically designed socially mixed intentional community in South Africa".

Swilling is coordinator of the SPL's Sustainable Development Programme, Academic Director of the SI, and Project Leader of the TsamaHub. The TsamaHub, working in partnership with the SI, serves as a focal point at SU for studies in transdisciplinarity, sustainability and complexity. It forms part of SU's HOPE Project.



Selfoonreus en US vat hande

Die volgende "toep" wat jy van die Vodacom App Store of die Google's Play Store op jou Android-selfoon of -tablet aflaai, kan dalk die geesteskinder van 'n US-student in Rekenaarwetenskap wees.

Dit is te danke aan die toenemende samewerking tussen die Suid-Afrikaanse selfoonmaatskappy Vodacom en die Afdeling Rekenaarwetenskap in die Departement Wiskundige Wetenskappe aan die US.

Die vennootskap is deel van die Vodacom-ontwikkelaarsprogram se afdeling vir studente en het ten doel om bewusheid te kweek oor die ontwikkeling van toepassings vir selfone in die algemeen.

Die program is ook daarop gemik om Suid-Afrikaanse studente se belangstelling te prikkel om deel te word van 'n veldtog wat toepassings met plaaslike inhoud vir die Vodacom App Store ontwikkel.

Volgens prof Ingrid Rewitzky, Visedekaan: Onderrig aan die Fakulteit Natuurwetenskappe en Voorsitter van die Departement Wiskundige Wetenskappe (Wiskunde, Rekenaarwetenskap), het die Universiteit 'n memorandum van verstandhouding met Vodacom onderteken om die verbintenis te bevestig.

"Soortgelyke vennootskappe met leiers in die bedryf is van onskatbare waarde om te verseker dat ons die heel beste studente met die relevante vaardighede behou en opvoed om die rekenaarwetenskapijke van die toekoms te word," aldus Rewitzky.

Een van die voordele van die ooreenkoms is dat Matie-studente van 2013 af Vodacom se jongste



Rekenaarwetenskapstudente tydens 'n werkswinkel wat deur Vodacom aangebied is.

Foto: ENGEA DUVENAGE

toonaangewende toestelle magleen sodat hulle die toepassings wat hulle ontwikkel het op 'n reeks Vodacom-toestelle kan toets.

"Dit beteken dat rekenaarwetenskapijke by die US die nodige Android-toestelle byderhand sal hê wat sal help dat ons studente as opgeleide Android-ontwikkelaars die mark kan betree," sê prof Brink van der Merwe van die Afdeling Rekenaarwetenskap.

Die vennootskap het reeds begin vrugte afwerp toe Vodacom in September 'n intermediêre Android-werk sessie op kampus aangebied het vir studente wat besig is met hul honneursgraad in Rekenaarwetenskap. Dit was deel van die module oor die ontwikkeling van mobiele toestelle.

Health Sciences goes "green"

The Faculty of Medicine and Health Sciences is the first faculty at SU to offset carbon emissions on all air travel as of November 2012.

From January onwards all air tickets purchased by the faculty via the three official travel agents will automatically generate a payment of R100 per ticket to offset carbon emissions. The money will be managed by the faculty's green committee, which focuses on climate resilient and low carbon development.

The faculty will use the money to plant trees that directly capture carbon dioxide, or to support small-scale projects that change behaviour and indirectly lower our carbon footprint. The first trees will be planted in May 2013.

This is a significant decision which offers a challenge to the rest of the University to follow suit. It will also lead to substantial greening of the natural environment on campus.

'Hemelse' Woordfees in 2013

Die veertiende US Woordfees, wat van 1 tot 10 Maart gehou word, gaan 'n "hemelse" ervaring wees. Oor die feestema "hemels" sê prof Dorothea van Zyl, feesdirekteur: "Die skrywers en kunstenaars is die sterre aan ons firmament wat ons saam met ons lojale donateurs en ondersteuners wil ophemel en vir wie ons hemel en aarde sal versit."

Die fees spog weer met 'n propvol program:

Skrywersfees: Liefhebbers van letterkunde kan die room van Suid-Afrikaanse skrywers beleef. Athol Fugard word vereer met 'n profiel-aanbieding, asook Elsa Joubert, Dot Serfontein, E. Kotze en Verna Vels. Gunstelinge soos Marita van der Vyver, André P. Brink, Antjie Krog, Deon Meyer, P.G. du Plessis, Chris Barnard en Riana Scheepers is almal op die fees.

Musiek: Die Sanlam-musiekverhoog spog met verrassende kombinasies op die verhoog: Karen Zoid en Arno Carstens, Elvis Blue en Heinz Winckler, Jan Blohm en Jimmy Dladlu, Emo en

Loukman Adams, Laurika Rauch en Wessel van Wyk en Koos Kombuis en Die Skynmaagde. Groot name soos Chris Chameleon, Stef Bos, Theuns Jordaan, Coenie de Villiers en Gert Vlok Nel tree ook op.

Drama: Op die dramaprogram is onder ander Sandra Prinsloo (*Liefde, Anna*) en Antoinette Kellermann (*Die melktrein stop nie meer hier nie*). André P. Brink se *Bidsprinkaan* is vir die verhoog verwerk deur Saartjie Botha. Die jong, opkomende regisseur Christiaan Olwagen is betrokke by produksies soos *x + y*, *The F Word*, *Tjop* en *dop* en *Die likelie eend*.

Lizz Meiring bring *Vier brieve vir Jan Ellis*, gegrond op Steve Hofmeyr se gewilde boek, na die verhoog met Christo Davids van *7de Laan*-faam.

Kuns: Die feeskunstenaar vir 2013 is Wim Botha, bekend vir aangrypende beelds soos 'n kruisingstoneel gekerf uit Bybels, asook 'n Piéta gemaak van mieliepap. Botha sorg tydens die fees vir 'n enorme nuwe installasie-kunswerk in die Sasol Kunsmuseum.



Prof Dorothea van Zyl op die verhoog tydens die Woordfees-programbekendstelling.



Christo Davids van *7de Laan*-faam speel in *Vier brieve vir Jan Ellis*.

Parliament congratulates Ukwanda

Stellenbosch University has been congratulated by the National Assembly on the first successes of its Ukwanda Rural Clinical School, an initiative to train doctors and other health professionals in rural settings and also recruit more students from rural areas.

In a congratulatory letter, Mr M. Xaso, Acting Secretary to the National Assembly, informed Prof Hoffie Conradie, Director of the Ukwanda Centre for Rural Health

in Worcester, that the Assembly acknowledged that the philosophy of the school was, among other things, to recruit students from rural areas, to encourage future retention and to catalyse research in a rural context.

"The National Assembly congratulates SU on the development of the Ukwanda Rural Clinical School and wished its staff and students well for the future," he said.

Dr Therese Fish, Deputy Dean: Community Service and Interaction

at the Faculty of Medicine and Health Sciences, expressed her appreciation for the acknowledgement.

"The philosophy of training students in rural and underserved areas responds to our Minister of Health's strategy of training health professionals who are fit for purpose. We want to graduate students who understand the socio-economic realities of health care in South Africa, who are socially accountable and who will choose such settings for future practice."

The Clinical School is part of SU's HOPE Project.

Plantpatoloog bekroon

Prof Altus Viljoen, Voorsitter van die Departement Plantpatologie, is deur Bioversity International en die Piesang Asië-Stille Oseaan Netwerk (oftewel die Banana Asia Pacific Network – BAPNET) met die gesogte Pisang Rajatoekenning vereer.

Hy het die toekenning ontvang by 'n internasionale Piesang-byeenkoms wat in November by Kaohsiung in Taiwan gehou is. Dit was slegs die derde keer

dat 'n wetenskaplike buite Asië dié toekenning ontvang.

Viljoen is sedert 2006 betrokke by 'n aantal aktiwiteite wat verband hou met die Fusarium-verlepsiekte, 'n belangrike swamsiekte van piesangs in Asië. Hy het in Mei 2006 'n werkswinkel oor die siekte in Kuala Lumpur in Maleisië aangebied met die doel om variante van *Fusarium oxysporum* f. sp. *Cubense*, die swam wat Fusarium-verlepsiekte veroorsaak, in die hele Asië te versamel en te identifiseer. Hierdie werk is onlangs deur een van sy doktorale

studente, Diane Mostert, voltooi.

Hy het Indonesië, Thailand, die Filippyne, Taiwan en China besoek om by plaaslike piesang-industrieë kers op te steek, navorsingsprogramme te evalueer en as hoofspreker by verskeie konferensies op te tree.

Viljoen se navorsing oor Fusarium-verlepsiekte is nie net tot Asië beperk nie. Hy het 'n lang verbintenis met Suid-Afrikaanse piesangoere, en werk reeds geruime tyd saam met wetenskaplikes in Afrika, Europa, Amerika en die Midde-Ooste.

Universities engaging society

At the Division for Community Interaction's recently held Community of Practice, a different way of defining community interaction for Stellenbosch University came under the spotlight. Dr JEROME SLAMAT and JOANNE WILLIAMS explore what community interaction means as one of SU's core functions.

Universities the world over have different definitions for community interaction, depending on their contexts. There generally is an approach of "letting a thousand flowers bloom". While one respects the differentiation within the higher education system, such a view can be problematic because it makes comparison across a national higher education system impossible. The problem of a lack of a common definition leads to a problem of measurement; and if community interaction outcomes cannot be measured, it becomes difficult to operate a reward system for the community interaction efforts of individual staff members.

Historically, the early universities had teaching as the main focus of scholarship, but in later years service to society was added as a mission. The idea was not only to serve society, but also to reshape it. In that sense, community interaction is not something entirely novel to the university.

The research mission came strongly to the fore from the turn of the 19th to the 20th century, but particularly during

Community Interaction is a powerful vehicle within the university to support and enhance research, teaching and learning with the possibility of different community contexts becoming a real-world laboratory or classroom.

and after the Second World War. The current emphasis on community interaction can be seen as a way in which the universities are reconnecting with their founding statements and surrounding communities.

It is true that some teaching, learning and research already constitute interactive engagement with society. In our times of multiple crises, however, the university is increasingly called on to produce and share knowledge that has value for a wider audience than the narrow academic community, to widen participation for those who are excluded from higher education, and to be engaged in issues of development. In this respect community interaction plays a vital role.

University-Community Interaction is typically focussed on various kinds of communities outside the university and involves mutual benefit for both parties. Community Interaction is a powerful vehicle within the university to support and enhance research, teaching and learning with the possibility of different community contexts becoming a real-world laboratory or classroom. Academics are exposed

to community contexts with rich research, teaching and learning potential, as well as the potential for transdisciplinary collaboration. This serves to enhance teaching and research outputs in a beneficial way for students and academics whilst having a positive impact on communities.

Defining community interaction

As said earlier, the challenge is that there is no common definition of community interaction in higher education in South Africa, which in turn leads to the measurement problem and a problem of rewards and incentives.

Five contributing factors could explain why this problem persists: "stretching" the concept to mean all things to all people; resistance to change amongst academics; evangelists and zealots of community interaction; a focus on the institutional level and not on the task of the individual academic; and also silo thinking.

A need exists therefore to draw some boundaries around the concept of community interaction, and to integrate it with the other core functions.

With the current Stellenbosch definition being a very broad one that stands in need of refinement, various international and South African definitions were considered, and the following definition for deliberation was proposed as a starting point in an iterative process at SU:

University Community Engagement is a collaborative way of (1) conducting academic research, (2) teaching and learning, (3) rendering reciprocal service, (4) broadening access/widening participation, and (5) facilitating regional regeneration, in which higher education institutions and their external communities engage in a mutually beneficial exchange of knowledge and resources to address development challenges and opportunities.

The proposed iterative process of redefining Community Interaction will form part of the appropriate formal approval processes of the University and will also feed into the revision of the existing Community Interaction policy document.

- The university community as a whole is invited to submit comment and feedback on the proposed definition to Joanne Williams at jhenry@sun.ac.za by 15 March 2013.

The Community of Practice (COP) operates in the spirit of sharing and transferring knowledge within a learning organisation. The aim of the COP is to share ideas and experiences, increase awareness of activities within the university, provide support, facilitate collaboration across disciplines, strengthen SU's community interaction as a whole and facilitate the creation of new knowledge.



In September 2012, the Division for Community Interaction held a symposium where delegates discussed the ever-increasing role that universities play in communities. About 100 representatives of various faculties and divisions at SU, as well as other universities, attended the symposium with the theme "Conceptualising Community Interaction for a 21st century university".

Photo: WAYNE MULLER

Reaping the rewards

Community interaction serves to diversify the portfolio of individual staff members – both support staff and academics. They can contribute tangible knowledge solutions to difficult problems (increased relevance) and they can increase their stature in communities wider than the academic community.

Besides this, the SU guidelines for the appointment and promotion of academic staff include a community interaction element on every level of appointment.

Community interaction contributes greatly to the development of graduate attributes in students. Participation in community interaction has the potential to strengthen their personal, professional and civic development.

The incentives for staff include the Rector's Award for Excellence in Community Interaction, flagship status for projects, and funding for deserving new projects.

There is also an annual award for students who excel in community interaction. Matie Community Service administers a 100-hour volunteer challenge and the results are included in the study record of participants.



In August 2012, a formal document describing the needs and assets of the community in Kayamandi in Stellenbosch was introduced. It was compiled to be a resource for the University and community organisations to assist them in making more informed decisions about issues affecting the residents of this area. Mr Jacob du Plessis (right), one of the compilers of the Community Needs Assessment and Asset Mapping Profile of Kayamandi, handed the document to Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel.

Photo: HENRY AFRICA



The Divisions for Research Development and Community Interaction hosted a High Science meets High School Learners meeting in August 2012. It is held regularly to engage with high school learners on the importance of persevering with subjects such as mathematics and science. Prof Daniel Franken of the Department of Obstetrics and Gynaecology was one of the presenters.

Photo: JUSTIN ALBERTS

'n Gelukkige dag op kantoor

Hoe verseker jy dat jy in 'n gelukkige en vervullende omgewing werk. Wel, neem self die leiding om jou tyd op kantoor die beste deel van jou dag te maak. ILSE ARENDSE het met personeel van 'n paar afdelings van die Universiteit gesels wat self skouer aan die wiel gesit het om hul werkomgewing op te kikker.

Om gebalanceerde werknemers te hê wat optimaal funksioneer in 'n bevorderlike, sorgsame en ondersteunende werkomgewing.

Dit is die Universiteit se strewe met sy Welwesprogram, sê Maureen Kennedy, Hoof van Welwes. En hoe meer personeellede betrokke raak, hoe makliker haalbaar word hierdie doelwit.

"Ons wil graag hê personeel moet goed voel oor alle aspekte van hul lewe – op fisiese, emocionele, finansiële asook geestelike vlak en ons bied dus programme aan wat hierop fokus. In Desember verlede jaar het Welwes aan personeellede die geleentheid gebied om speelgoed aan Hospice in Stellenbosch te skenk.

"Verskeie afdelings of departemente, onder meer Menslike Hulpbronne, Siviele Ingenieurswese, Rekeningkunde, Rekenaarwetenskap, Toeletting, Maties Sport, Fasiliteitsbestuur,



Personeel van die US se Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA) by die Universiteit Stellenbosch het 'n tafel vol speelgoed vir Hospice Stellenbosch ingesamel.

Personnelontwikkeling

Prof Karin Jacobs van die Departement Mikrobiologie vertel hulle het in 2012 besluit om personeelontwikkelingsbehoeftes in dié departement aan te spreek.

Volgens Jacobs is die program saamgestel ná die personeelevaluatings in 2011 waar personeel hul ongelukkigheid met sekere van die procedures en hul werksomstandighede kon uitspreek.

"Baie van die ongelukkigheid onder ons personeel was die gevolg van 'n gevoel van magteloosheid en weerloosheid in 'n stelsel wat hulle nie verstaan nie. Deur mense met kennis toe te rus bemagtig jy hulle om eienaarskap van hul toekoms te neem."

"Ons het 'n program saam met die Afdeling Welwes ontwikkel en veral op ons C3-personeel gefokus. Dit het bestaan uit maandelikse sessies van twee tot drie uur en het onderwerpe gedek soos hoe om personeelevaluering te verstaan, konflik en kommunikasie in die werkplek, verandering in die werkplek, spanwerk, gesonde lewensgewoontes, rekenargeletterdheid en persoonlike ontwikkeling.

"Ons het dit met kwartaallikse personeelevaluatings-oefeninge gekombineer om probleme te identifiseer en aan te spreek."

Die program is ook deur personeel van die departemente Genetika en Biochemie bygewoon.

Jacobs sê sy beskou die program as 'n sukses wat betref die personeel se algemene verbetering in werksetiek.

"Ons mense het meestal 'n verbetering in hul personeelevaluatings gehad, wat natuurlik 'n positiewe terugvoer skep. Ons beplan om vanjaar op 'n kwartaallikse basis bymekaar te kom en die program na die res van die personeel in die departement uit te brei."



Die Departement Mikrobiologie het 'n program vir personeelontwikkeling saamgestel. Hier is Robin Jacobs, Marc Stuurman, prof Karin Jacobs, Leona Daniels en Mervin Koopman.

Gesondheid!

By Kampusgesondheidsdienste is daar besluit om op chroniese en leefstysiektes te fokus.

Volgens dr Craig Thompson het talle "welwestoetsings" al getoon dat die voorkoms van leefstysiektes stadig aan die toename is by die kampusgemeenskap.

"Ons welwesprogram is ontwerp rondom die toetsing en behandeling van pasiënte wat aan chroniese en leefstysiektes ly. Sommige van hierdie siektes sluit in diabetes, hipertensie, asma, artritis, hartsiektes, ensomeer," verduidelik Thompson.

Hy sê Kampusgesondheidsdienste se program is daarop gemik om omvattende mediese assessorings aan almal wat daar aankom, met of sonder chroniese siektes, te bied.

"Op hierdie manier wil ons graag meer omvattende behandelingsopsies aan pasiënte voorsien, maar meer belangrik, moontlik voorkomende strategieë vir diegene wat dalk die risiko loop om hierdie siektes te kry."

Die mediese assessorering is omvattend en sluit in konsultasies met die dokter of verpleegster, toepaslike bloedtoetse en radiologie soos vereis, sowel as 'n funksionele assessorering deur 'n fisioterapeut of biokinetikus asook 'n dieet en sielkundige vraelys.

Ingrypingstrategieë word dan aangeraai, afhangende van die bevindings. Thompson sê hierdie ingrypings is multidissiplinêr van aard, met die oog op lewenslange implementering.

Volgens hom wil hulle graag meer personeellede aanmoedig om gebruik te maak van hierdie dienste. "Ons wil ook graag pasiënte sover kry om self verantwoordelikheid vir die bestuur van hul siektes te neem."

Vir meer besonderhede oor Kampusgesondheidsdienste besoek : <http://www.sun.ac.za/kampusgesondheid/>.



Dié speelgoed is ingesamel vir Hospice Stellenbosch. Hier is (van agter, links) Geraldine Nicol (bestuurder van Hospice Stellenbosch), Chriszelda Adendorff, Rhudene Bennet, Ilse Le Roux (maatskaplike werker by Hospice), Shaakiera Muller (Hospice-personeellid); (voor) Gary Kirsten en Maureen Kennedy (Bestuurder: Personeel Welwes).

Gaan besoek gerus <http://wellnessafrica.org.za> of kontak Maureen Kennedy by 021 808 4824 of maureenk@sun.ac.za, indien jy hulp nodig het om jou eie program te begin.

Plan van aksie

Ons begin altyd die nuwe jaar vol moed en slim planne. Maar halfpad deur die jaar is daardie voornemens iets van die verlede. Moenie bekommern wees nie, want daar is hoop.
Deur SONIKA LAMPRECHT

Almal doen dit, selfs al sweer ons hoog en laag ons gaan nie híérdie jaar nie: Ons maak nuwejaarsvoornemens. Of dit nou is om gesonder of groener te leef, meer tyd met familie of vriende te spandeer, skuld af te betaal of verder te studeer, elkeen wil graag in 2013 iets bereik. Ons skryf dit dalk nie op 'n stukkie papier neer of verkondig dit aan die wêreld nie, maar in ons agterkop stel ons doelwitte, beplan ons veranderinge, maak ons voornemens.

Hier is 'n paar wenke vir hoe jy kan sorg dat jou voornemens werklikheid word:

- **Wees realisties, spesifiek en skryf dit neer.** Deur een of twee realistiese en haalbare doelwitte aan jouself te stel en dit neer te pen, sal die kans vergroot dat jy daarby kan hou. En eerder as om bloot te sê jy wil gesonder leef vanjaar, besluit op spesifieke doelwitte, soos om drie keer per week vir 'n halfuur te oefen, nie meer gemorskos te eet nie, of vyf kilogram te verloor.
- **Stel 'n aksieplan op vir hoe jy die doelwit gaan bereik.** As jou doelwit is om geld te spaar vir 'n welverdiende vakansie, besluit byvoorbeeld om jou daaglike koppie koffie by die koffiewinkel prys te gee of middagtes van die huis af te bring en die geld wat jy daardeur spaar vir daardie vakansie te gebruik.
- **Stel mylpale.** Identifiseer kleiner mylpale op pad na jou doelwit en beloon jouself daarvoor.
- **Vra jou vriende.** Kry iemand met dieselfde doelwit en spoor mekaar aan en hou mekaar verantwoordbaar. Jy sal minder geneig wees om 'n staande afspraak vir 'n oefensessie met 'n vriend af te stel as wat jy sou wees as jy op jou eie oefen.

• **Hou jou doelwit voor oë en byt vas.** Nogtans, moenie te hard op jouself wees as jy soms 'n bietjie afdwaal nie. Neem net weer die leisels op, as jy jou oë uitvee het jy jou doelbereik en is dit weer tyd om 'n nuwe nuwejaarsvoorneme te maak.

Op kantoor


Dikwels begin ons die nuwe jaar op kantoor in 'n warboel, en twee weke later het ons weer 'n vakansie nodig. Kry jou dagboek nader en maak deeglike planne.

Kyk terug op jou doelwitte. Watter doelwitte het jy in 2012 aan jouself gestel, en watter van hulle het jy bereik? Vra ook jouself af wat suksesvol was en wat nie, en soek die redes sodat jy dit nie herhaal nie.

Blaai deur verlede jaar se dagboek. Kyk na wat jy alles in 2012 vermag het en watter mylpale bereik is. 'n Mens vergeet dikwels hoe baie jy in een jaar doen.


Begin 'n nuwe kalender. Skryf nou reeds belangrike datums en gebeure vir 2013 in jou dagboek. Dit sal jou in staat stel om jou tyd beter te bestuur en jou beplanning vroegtydig te doen.

Bronne: forbes.com, ehow.com



Groete, ná 40 jaar

William Walkers, Eerste Departemente Beampte in die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap, het in Desember 2012 uitgetree nadat hy sedert 1974 aan die Universiteit Stellenbosch verbonde was. RONEL BEUKES het met hom gesels oor sy loopbaan van byna vier dekades.



William Walkers in sy kantoor in die Rekeningkunde en Statistiekgebou in Victoriastraat, met sy geliefde plataanbome in die agtergrond.

Foto: ANTON JORDAN

Waar het dit alles begin?

Ek is in die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap aangestel, waar ek tot Desember nog was – eers in 'n halfdagpos, toe in 'n tydelike pos en sedert 1976 as 'n voltydse, permanente werknemer.

Ek was betrokke by studenteadministrasie, veral die hantering van eerstejaars se punte en die verwerking van statistieke wat daaruit vloei. Voor die luukse van elektroniese klaslyste moes die studente by die onderskeie departemente inskryf vir modules. Om die studentetoeloop te hanteer het die Departement altyd gesorg dat ek 'n ruim kantoor het. Ek het ook dikwels in die rekensentrum – waar Informasietecnologie vandag is – gewerk. Dit het die reuse-hoofraamrekenaar gehuisves waar ons ponskaarte gebruik het om inligting in te voer.

Hoe het die kampus sedertdien verander?

Sedert die aanbreek van die elektroniese registrasie-era het my direkte kontak met studente afgeneem. Tot my spyt het vervaermding ingetree. In dié oopsig het die kampus geweldig verander. Stellenbosch het óók baie verander. Maar dit wat Stellenbosch spesial gemaak het, is steeds daar – 'n mens moet dit net raakkyl! Neem byvoorbeeld vir Kerkstraat; dis iets besonders – ek wens dit kon 'n wandelstraat wees.

Wat was die hoogtepunt van jou loopbaan?

Die kontak met studente was my lewenselikser. Ek was verslaaf aan die studente se tempo! Jy wág vir daardie inval in Januarie en dan skakel – nee, skop – jy sommer dadelik oor na hoërat. Wat ek ingesit het, het ek met oorgawe ingesit.

Jy het seker baie mense tydens jou loopbaan en verblyf in Stellenbosch ontmoet?

Ek ken baie mense, maar ek het 'n klein, kosbare vriendekring.

As jy die geleenthed kry om 'n jong kollega 'n wenk te gee, wat sou jy sê?

Die ontwikkeling by die Universiteit was astronomies. Een van die uitvloeisels is dat daar soveel opleidingskursusse aangebied word. As ek kon, sou ek meer kursusse wou volg. My raad sou wees: Sorg dat jy tyd vind om dit wat die Universiteit jou bied, te benut, want dit kan jou verryk. Gesels met jou onmiddellike hoof; 'n mens kan tot 'n vergelyk kom om jouself verder te bemagtig.

Wat beplan jy vir die onmiddellike toekoms?

Ek het nie uitgewerkte planne vir die tyd wat voorlê nie. Ek gaan tyd afneem totdat ek aangepas het by my nuwe lewensomstandighede. 'n Mens moet 'n nuwe roete vind vir jou dag en 'n nuwe lewenswyse skep. Ek is lief vir blomme en tuinmaak en het 'n boomryke tuin op 'n bar erf geskep. Dit moet egter omskep word in 'n waterwyse tuin.

Enige toekomsdrome?

Dalk gaan ek nog in Kleinmond aftree ...



SU is the institution of choice for 566 international students from 21 countries around the world in 2013. These students were welcomed as Maties by the University's Postgraduate and International Office on Wednesday, 23 January at the Wilcocks Building. Students of the University of Adelaide in Australia and the University of Ghana will be studying at SU for the first time. Here are John Bosco Isunju (Uganda), Zaharan Hussein Mgina (Tanzania) and Fulgence Matimba (Tanzania) at the welcoming function.

Photo: CHRISTOPHER MULLER



The annual New Voices in Science colloquium was held in December at the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS). Fourteen doctoral students from seven SU faculties gave a short lecture to the public about their latest research. Here Dr Venant Tchokonte-Nana of the Faculty of Medicine and Health Sciences presents his lecture, titled "Hope for diabetic patients". He is working on a procedure that may help to alleviate the shortage of donor pancreases needed to treat certain diabetic patients.

Photo: ANTON JORDAAN

TEFL certificate course

The Stellenbosch University Language Centre's 120-hour TEFL course prepares individuals for a life of adventure teaching English abroad.

A TEFL certificate in addition to an undergraduate degree will put you in good stead for an overseas teaching position at a private language school, government school, tertiary institution or NGO.

TEFL trainees who have successfully completed our course have secured permanent TEFL employment in countries such as China, Korea, Saudi Arabia and Russia to name a few.

Registration for 2013 is now open. Please contact Melvin du Preez at 021 808-2627 or dupreezm@sun.ac.za for further details. Registration forms and course information can also be found on www.sun.languagecentre.ac.za



Einde 2012 het die US 'n afskeidsgeleentheid vir Jimmy Fouche (regs), uittredende voorsitter van die US Afrefonds (USAf), gehou in die Wallenburgsentrum in Stellenbosch. Prof Russel Botman (links), US Rektor, het gesé Fouche was minder as drie jaar USAf se voorsitter, maar het in sy termyn 'n groot bydrae gelewer.

Foto: WAYNE MULLER

ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS TE KOOP / FOR SALE

Car for sale: 2010 Renault Clio III 1.6 Sport. 5-Door. Radiant Blue with White Trim. ±33 000 km. Balance of Service Plan. Contact Gordon on 073 421 4010.

VERBLYF / ACCOMMODATION TE HUUR / TO LET

Woonstel te huur: (h/v Bird en Crozier):
2 slaapkamers, kombuis, leefarea, badkamer @ R7 150 p/m. Parkering in binnehof ekstra.
Onmiddellik beskikbaar. Ideaal vir studente. Kontak: 0826979750/mpv@sun.ac.za

SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

Stellenbosch – Onrus: Saamrygeleentheid 1 of 2 maal per week vanaf Stellenbosch Universiteit na Onrus (Hermanus) gesoek. Kontak Martie van der Linde by mvdl@sun.ac.za